Word deel van ons korttermynversekeringskema, vanaf 1 Oktober 2024 tot 30 November 2024, en staan 'n kans om R2000 kontant te wen.

Terme en Voorwaardes

1. Die promotor is: Pretorium Trust (Koöperasie) Beperk wie se geregistreerde kantoor is te Ingersolweg 40, Lynnwood Glen, Pretoria, 0081

2. Die kompetisie is oop vir bestaande lede van Pretorium Trust (Koöperasie) Beperk, uitsluitend werknemers van Pretorium Trust (Koöperasie) Beperk, naasbestaandes en almal wat anders verband hou met die Koöperasie of die beoordeling van die kompetisie, mag nie deelneem.

3. Deur aan hierdie kompetisie deel te neem, gee 'n deelnemer sy / haar goedkeuring om deur hierdie bepalings en voorwaardes gebind te word.

4. Die kompetisie sal vanaf 1 Oktober 2024 tot die einde van November 2024 loop.
   - Sluitingsdatum vir die kompetisie sal 30 November 2024 wees. Na hierdie datum sal geen verdere inskrywings vir die kompetisie toegelaat word nie.

5. Geen aanspreeklikheid kan aanvaar word vir inskrywings wat om welke rede nie ontvang is nie.

6. Die reëls van die kompetisie en hoe om in te skryf is soos volg:
   - Elke suksesvolle korttermynversekeringspolis wat vanaf 1 Oktober 2024 tot 30 November 2024 geaktiveer word, sal 'n inskrywing ontvang.
   - 'n Wenner vir die R2000 kontantprys sal ewekansig gekies word na die kompetisie se einddatum.

7. Die promotor behou die reg voor om die kompetisie te kanselleer of uit te stel of die termes en voorwaardes sonder kennisgewing te verander, in geval van 'n ramp, oorlog, burgerlike of militêre steuring, of enige werklike of verwagte oortreding van enige toepaslike wet of regulering of enige ander gebeurtenis buite die promotor se beheer. Enige verandering tot die kompetisie sal deur die promotor so spoedig moontlik deurgegee word aan die deelnemers.

8. Die promotor is nie verantwoordelik vir onakkurate prysinligting wat aan enige deelnemer verskaf word deur 'n derde party wat met hierdie kompetisie verband hou nie.

9. Die kontantprys is R2000 aan die einde van November 2024.

10. Wenners sal lukraak gekies word uit alle suksesvolle aansoekers en geverifieer word deur die Promotor en of sy agente.

11. Wenners sal binne 15 dae na die sluitingsdatum per e-pos en / of DM op Facebook en / of per brief in kennis gestel word. As daar nie kontak met die wenner gemaak kan word nie of die prys nie binne 14 dae na kennisgewing geëis word nie, behou Pretorium Trust die reg voor om die prys van die wenner te onttrek en 'n plaasvervanger te kies.

12. Die promotor sal die wenner in kennis stel wanneer en waar die prys gebruik kan word.

13. Pretorium Trust (Koöperasie) Beperk se besluit oor die trekking van die wenners, is finaal. Geen korrespondensie rakende die kompetisie sal gevoer word nie.

14. Die kompetisie, terme en voorwaardes word deur die Suid-Afrikaanse reg bepaal, en enige geskille is onderworpe aan die uitsluitlike jurisdiksie van die howe in Suid-Afrika.

15. Die wenner stem in tot die gebruik van sy / haar naam en beeld in enige bemarkingsmateriaal, sowel as die inskrywing daarvan. Enige persoonlike inligting rakende die wenner of enige ander deelnemer sal uitsluitlik gebruik word in ooreenstemming met die huidige Suid-Afrikaanse wetgewing oor databeskerming en sal nie aan 'n derde party bekend gemaak word sonder die vooraf toestemming van die deelnemer nie.

16. Die naam van die wenner sal 15 dae na die sluitingsdatum beskikbaar wees deur die volgende adres te epos: andria@pretorium.co.za

17. Toegang tot die kompetisie word beskou as die aanvaarding van hierdie termes en voorwaardes.

18. Hierdie promosie word nie geborg, onderskryf of geadministreer deur, of geassosieer met Facebook, Twitter of enige ander sosiale netwerk nie. U verstrek u inligting alleenlik aan Pretorium Trust (Koöperasie) Beperk en nie aan enige ander party nie.